**Maandag 24 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 1:12 – 2:7**
**Fokusgedeelte: Openbaring 2:1-7**

**Jesus Christus, ons Koning, regeer sy kerk aktief deur sy Woord**

In die openingsgesig van Openbaring verskyn die Here Jesus in koninklike heerlikheid tussen sewe goue kandelare (1:13). Die kandelare stel sewe gemeentes voor, wat op hulle beurt die kerk van alle plekke en tye verteenwoordig (1:20). Met dié visioen wys Christus dat Hy as Koning nie net oor sy kerk *regeer* nie, maar ook altyd by sy kerk *teenwoordig* is. Hierin is daar vir die kerk 'n troos én 'n waarskuwing opgesluit, want Hy wat in ons midde rondbeweeg, sien alles en weet alles. Hy ken ons van binne en van buite. Hiervan verseker Hy ons in sy brief aan die gemeente in Efese.

Hy ken die inspanning en volharding waarmee hulle, gelei deur die Woord, valse leraars uitgeken en verwerp het (2:2). Net so wil Christus dat ons in ons tyd moet doen met mense wat hulle as leraars voordoen. Ons moet hulle leringe aan die Here se Woord toets, en as dit nie die toets deurstaan nie, dit verwerp, selfs al beteken dit dat hulle ons as gevolg daarvan laat ly (2:30. Die Here regeer sy kerk immers deur sy Woord, en daarmee lei Hy ons na die waarheid.

Wanneer ons die waarheid van die Here se Woord handhaaf, moet ons dit egter nie net uit pligsbesef doen nie, maar omdat ons Christus en sy Woord liefhet. As ons Koning regeer Hy immers in liefde oor sy kerk. Mense wat Hom net bolangs dien, sonder om Hom werklik lief te hê, behaag Hom nie. Die Here haat liefdelose offers, het Hy in die Ou Testament vir Israel laat weet, en hier in Openbaring 2:4 waarsku Hy: "Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het." Om dwaalleer en sonde te bestry, is goed en reg (2:6), maar die dryfveer daaragter moet egte liefde vir die Here en sy Woord wees. So 'n liefde is slegs moontlik as ons leef in die besef dat Hy ons eerste liefgehad het, so lief dat Hy ons in genade uitverkies het tot die ewige lewe by Hom (2:7).

*Sing: Skrifberyming 38 (15-2):1, 3*
*Prof. GJC Jordaan (Jorrie) (emeritus)*